higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREG
NKR VLAK 3

(8021003)

8 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

148Q1N2208

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter EEN van die volgende is nie ’n erkende bron van Suid-Afrikaanse strafreg nie?

A Wetgewing of verordeninge
B Hofuitsprake of regspresedent
C Maatskaplike norme
D Gewoontereg

1.2 Watter EEN van die volgende beskryf die doelwit van die Suid-Afrikaanse strafreg?

A Om morele norme vir die samelewing te bepaal
B Om sosiale reëls vir die samelewing te bepaal
C Om eenvormige gedrag in die samelewing te verseker
D Om te bepaal watter optrede op misdaad neerkom en hoe oortreders gestraf behoort te word

1.3 Watter van die volgende is NIE ’n tipe poging nie?

A Poging om die onmoontlike te doen
B Onderbroke poging
C Vrywillige onttrekking
D Sameswerингspoging

1.4 Watter EEN van die volgende kom neer op geldige instemming tot penetrasie met betrekking tot die misdaad verkragting?

A ’n Effens besope man stem in tot seks met ’n ander man wat hy by ’n partytjie ontmoet het.
B ’n Elfjarige meisie stem in tot seks met haar kêrel.
C ’n Meisie met Downsindroom stem in tot seks met ’n man.
D ’n Angsbevange vrou het nie luidkeels geprotesteer toe ’n man teen haar wil seks met haar gehad het nie.

1.5 Watter EEN van die volgende kwalifiseer nie as openbare pad ingevolge artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet (93 van 1996) nie?

A ’n Veerboot wat ’n openbare pad aan die twee kante van ’n rivier verbind
B ’n Skool se speelgrond
C ’n Deurloop deur die parkeergebied van ’n winkelsentrum
D Die skouer van ’n openbare pad

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Wette verskil van norme in dié opsig dat wette met 'n spesifieke straf gepaard gaan indien dit oortree word.

2.2 'n Siviele saak behels die staat en die beskuldigde, terwyl 'n strafsaak twee individue behels.

2.3 Wanneer delikte tydens siviele verrigtinge ter sprake is, word versagtende faktore in ag geneem.

2.4 Daar is geen sameswering indien een van die partye slegs voorgee om saam te sweer, maar inderwaarheid voornemens is om die polisie oor die misdaad in te lig nie.

2.5 Volgens die Nasionale Padverkeerswet (93 van 1996) sluit die definisie van 'n voertuig ook trapfietse, perdekarre en karre wat deur mense getrek word, in.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1.–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	X wil Y doodmaak deur hom te skiet, maar hy skiet mis.	A	onderbroke poging
3.2	Ooreenkoms tussen twee of meer persone om ’n misdaad te pleeg, of te help om dit te pleeg, of om die pleging daarvan te bewerkstellig	B	poging om die onmoontlike te doen
3.3	Om ’n ander persoon te laat glo dat geweld enige oomblik teen hulle gebruik gaan word	C	vrywillige onttrekking
3.4	X wil Y se huis afbrand – hy gooi petrol onder die deur, maar word in hegtenis geneem voordat hy die vuur kan aansteek.	D	aanstigting
3.5	Om ’n kind se ouers of voogde beheer oor daardie kind te ontneem	E	roekelose bestuur
3.6	X wil vir Y doodsteek – X steek vir Y in sy bed, onwetend dat Y reeds vroeër aan ’n hartaanval gesterf het	F	aanranding
3.7	’n Oortreding kragtens artikel 18(2)(b) van die Wet op Oproerige Byeenkomste (17 van 1956)	G	’n gevaarlike afhanklikheidsvormende middel
3.8	Om ’n voertuig te bestuur met opsetlike of moedswillige verontagsaming van die veiligheid van persone of eiendom	H	sameswering
3.9	X wil by Y se huis inbreek – hy tel ’n klip op om die venster te breek, maar verander van plan en stap weg.	I	ontvoering
3.10	Enige middel, of enige plant waarvan ’n middel vervaardig kan word wat ingesluit is in Deel II van Bylae 2 van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary (140 van 1992), soos kokablaar, morfien en opium	J	voltooide poging
		K	nalatige bestuur
		L	’n ongewenste afhanklikheidsvormende middel

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.3) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 Ingevolge artikel 4 van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary (140 van 1992) sluit besit ... of ... in. (2)

4.2 Ingevolge artikel 1 van die Nasionale Padverkeerswet (93 van 1996) word enige pad, straat, deurloop of plek wat algemeen deur die publiek gebruik word, of enige gedeelte daarvan, waartoe die publiek ’n toegangsreg het, beskou as ’n … (1)

4.3 Ingevolge die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary (140 van 1992) sluit handeldryf ook ... en ... in. (2)
[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Verduidelik die term *regspresedent.* (4)

5.2 Definieer die term *straf*, en gee TWEE oogmerke van straf met ’n kort verduideliking van elk. (6)

5.3 Met betrekking tot die leerstuk van gemeenskaplike oogmerk, noem enige DRIE van die vereistes wat nagekom moet word om ’n gemeenskaplike oogmerk daar te stel. (3)

5.4 Indien ’n persoon in die bestuurdersitplek van ’n stilstaande voertuig sit terwyl die enjin luier terwyl hy/sy onder die invloed van sterk drank of ’n narkotikum is, kom neer op die statutêre misdaad van bestuur onder die invloed van drank.

Skryf slegs ‘Ja’ of ‘Nee’. (1)
[14]

VRAAG 6

Ten einde vas te stel of ’n misdaad gepleeg is, moet die DRIE belangrikste elemente van misdaad ontleed word, naamlik:

- Die handeling
- Wederregtelikheid
- Strafregtelike aanspreeklikheid

Beantwoord die vrae hier onder oor die elemente van misdaad:

6.1 Noem die TWEE vereistes waaraan ’n handeling moet voldoen om as ’n element van misdaad beskou te word. (2)

6.2 Gee ’n voorbeeld van ’n uitsondering op elke vereiste wat in VRAAG 6.1 genoem word. (2)

6.3 Definieer die term *veroorsaking/kousale verband.* (2)

6.4 Verduidelik en onderskei tussen *feitelike veroorsaking* en *wetlike veroorsaking.* (5)

6.5 Opset is ’n tipe mens rea, en dit manifesteer in drie vorme.

Verduidelik kortliks die DRIE vorme van opset, EN gee ’n voorbeeld van elk. (3 × 3) (9)

[20]

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Peter, Pule, Siphiwe, Xola, Godfrey en Costa werk almal by ’n konstruksiemaatskappy.

Pule het baie van Peter en Siphiwe se geld gewen deur in ’n weddenskap te kul. Peter en Siphiwe besluit om Pule op ’n afgeleë deel van die konstruksieterrein te vermoor. Hulle besluit dat Peter vir Pule teen die muur sal vasdruk, terwyl Siphiwe hom met ’n mes sal steek.

Hulle werf vir Godfrey, die maatskappychauffeur wat ook ’n beswaar teen Pule het, om die groep na die afgeleë deel van die konstruksieterrein te neem onder die voorwendsel dat hulle aan ’n probleem moet aandag gee. Godfrey sal ook ’n mes vir Siphiwe aangee wanneer hy uit die voertuig klim.

Op die dag van die moord klim Peter, Pule, Siphiwe, Xola en Costa in die voertuig wat deur Godfrey bestuur word. Godfrey ry met hulle na die afgeleë deel van die konstruksieterrein en gee vir Siphiwe die mes toe hy uitklim.

Peter en Siphiwe trek vinnig vir Sipho om ’n hoek. Peter druk hom teen die muur vas, terwyl Siphiwe hom verskeie kere in die bors steek.

Xola, wat lank reeds ’n wrok teen Pule koester, sien wat gebeur en sluit by die aanval aan nadat Pule reeds dodelik gewond is, maar voordat hy sterf. Xola slaan die gewonde Sipho met ’n swaar klip oor die kop. Pule sterf weens die steekwonde.

In die harwar gee Siphiwe die mes vir Costa aan, wat dit vinnig skoonmaak en onder ’n hoop klippe wegsteek. Costa gaan later terug, haal die mes uit en gooi dit in ’n nabygeleë dam.

Identifiseer die volgende deelnemers EN staaf jou antwoorde met verwysing na gemeenskaplike oogmerk, waar nodig:

7.1 Oortreder(s)

7.2 Meedoener

7.3 Medepligtige

7.4 Begunstiger

(4 × 3) **[12]**

TOTAAL AFDELING B: 46

AFDELING C

VRAAG 8

Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae:

POLITIKUS BRUCE NIMMERHOUDT IN DIE HOF NADAT HY 'STEMNOTA AANSTUUR WAARIN HY GEWELD AANHITS'

Die saak teen 'n politikus van die Wes-Rand wat daarvan beskuldig word dat hy in 'n stemnota tydens die land se burgerlike onrus geweld aangehits het, is uitgestel sodat die polisie enige skakels tussen hom en ander voornemende arrestasies kan ondersoek.

Bruce Nimmerhoudt, 'n burgemeesterskandidaat vir sy party, die Patriotiese Alliansie (PA) in die Wes-Rand Munisipaliteit, het Maandag in die Roodepoortse Landdroshof verskyn, waar hy aangekla word van aanstigting om openbare geweld te pleeg.

[Bron: *https://www.news24.com/news24/southafrica/news/unrestsa-politician-bruce-nimmerhoudt-in-court-for-circulating-voice-note-inciting-violence-20210719*]

8.1 Noem en definieer die misdaad waarvan mnr Nimmerhoudt aangekla word. (4)

8.2 Noem DRIE redes waarom hierdie misdaad verbied word. (3)
[7]

VRAAG 9

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae:

Stan, 'n getroude man, is 'n getuie in 'n diefstalsaak teen Tumi, wat daarvan beskuldig word dat sy 'n horlosie in 'n juwelierswinkel gesteel het. Ten tyde van die beweerde misdaad was hy in die juwelierswinkel om juweliersware vir sy minnares te koop. Hy het gesien hoe Tumi die horlosie aanpas en uit die winkel loop sonder om daarvoor te betaal. Tydens die hofsaak getuig Stan onder eed dat hy nie vir Tumi uit die winkel sien loop het sonder om vir die horlosie te betaal nie, omdat hy nie wil erken dat hy juweliersware vir sy minnares wou koop nie. Onder kruisondervraging erken Stan dat hy wel gesien het dat Tumi die horlosie steel en dat hy voorheen gelieg het.

9.1 Watter misdaad het Stan gepleeg? (1)

9.2 Identifiseer die VYF elemente van hierdie misdaad, en illustreer elkeen met inligting uit die scenario hier bo. (10)
[11]

VRAAG 10

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae:

HOF STAAN BORGTOG TOE AAN VEILIGHEIDSWAG WAT VAN MOORD OP MANGAUNG-TIENER TYDENS BETOGING BESKULDIG WORD

'n 56-jarige veiligheidswag, Abel Lefu Letsela, het voor die Bloemfontein Landdroshof verskyn op aanklagte van strafbare manslag vir die moord op 14-jarige Jevano Siegel.

Siegel is op 17 Mei tydens diensleweringsbetogings in Mangaung, Bloemfontein, doodgemaak.

Letsela het na bewering sy vuurwapen tydens 'n betoging in Heidedal afgevuur om betogende inwoners af te skrik toe die dwaalkoeël Siegel getref het.

[Bron: *https://www.dailymaverick.co.za/article/2021-05-19-court-grants-bail-for-security-guard-accused-of-killing-mangaung-teen-during-protest/*]

10.1 Vergelyk die misdade *moord* en *strafbare manslag*, en verstrek voorbeelde van elk. (8)

10.2 Verduidelik die toets vir nalatigheid wat die hof in die geval van strafbare manslag moet toepas. (3)
[11]

TOTAAL AFDELING C: 29
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou